

DIE VERHAAL VAN NG GROOTKERK EN NG NUWEKERK SE EENWORDING

Dr C J (Trix) Truter

Dit was my voorreg om as leraar van NG Nuwekerk betrokke te wees by die **eenwording van NG Grootkerk en NG Nuwerk**. Hierdie eenwording het die verbeelding van die kerklike gemeenskap aangegryp. Ook koerante het hiervan berig. Na bykans 'n eeu van kerkskeuring en struweling het die skynbare onmoontlike gebeur. 'n Goddelike wonderwerk het plaasgevind! Dit kan inderdaad beskryf word as 'n *Kairosmoment*, 'n *Goddelike ingryping van Bo!* NG Nuwekerk wat destyds weggebreek het van die moedergemeente, die **NG Gemeente Graaff-Reinet**, het besluit om terug te stig na hul moeder.

Na vele versoeke het ek besluit om die proses van eenwording op skrif te stel. Dit is vir my 'n voorreg om hierdie verhaal van eenwording te deel. Mag die leser hiervan aangegryp word deur die grootheid van ons Hemelse Vader en Sy beskikking.

1. Die geskiedenis: agtergrond van die kerkstryd

NG Gemeente Graaff-Reinet is **1792** gestig.

Toe die gemeente 30 jaar oud was, word 'n jong Skotse predikant, *Andrew Murray*, in 1822 daar bevestig. Hy het die gemeente vir 44 jaar bedien. Hy het diep spore getrap en van NG Graaff-Reinet 'n modelgemeente gemaak. Ook in die kerk as geheel het hy 'n groot rol gespeel. Die gemeente se sierlike kerkgebou is in sy tyd opgerig (vandaar die benaming Grootkerk). Hy het hom veral onderskei op die gebied van jeug en onderwys. Twee skole in die dorp het deur sy toedoen ontstaan. Hy is opgevolg deur *Charles Murray*, sy seun. Hy was tot 1904 in hierdie gemeente predikant.

Siende dat die Murrays van Skotse afkoms was, was gebruik van Engels 'n natuurlike deel van hul bediening. In hulle tyd het die taalgroepe goed oor die weg gekom in Graaff-Reinet. Die gebruik van Engels was egter in die Kerk omstrede. In 1900 besluit die Kerkraad dat geen Engels gebruik mag word nie, maar wel Hollands. Die spanning verskuif nou na die spanning tussen Afrikaans en Nederlands. Twee leraars van die gemeente, *Dr D F Malan* en daarna *Dr Bennie Keet*, het hulle beywer vir Afrikaanse taalregte. In 1919 het die Kaapse Sinode besluit om Afrikaans naas Nederlands as kanseltaal te gebruik. Hierdie besluit het verrykende gevolge gehad. Baie het Afrikaans as "kombuistaal" beskou. Die orrelis van Murray afkoms het neerhalend na Afrikaans verwys as "kitchen Dutch".

In 1921 is *Ds Josua Naude* beroep. Sy bediening was omstrede en het groot verdeeldheid in die gemeente veroorsaak. Hy begin in Afrikaans preek. Hy was 'n taalaktivis vir Afrikaans, en is as moedswillig beskou. Vanweë sy manier van optrede het daar onenigheid in die gemeente gekom. 'n Uitgerekte taal- en kerkstryd het gevolg.

Die taalstryd het tot gevolg gehad dat daar in die gemeente 'n groep *vir Afrikaans* en 'n groep *teen Afrikaans* as kanseltaal was. Dit het gely tot erge konflik en verdeeldheid in die

gemeente. Die verdeeldheid was so erg dat die groep gemeentede wat teen die gebruik van Afrikaans was, op **9 September 1927** weggebreek het uit die moedergemeente en 'n nuwe gemeente buite die NG Kerkverband gestig het met die naam **Protesterende Gemeente**. Altesaam **621 lidmate** het weggebreek en 'n nuwe gemeente gestig *buite die NG kerkverband*. Sommige mense het na die nuwe gemeente as die SAP kerk verwys, omdat ook in Engels gepreek is. Dit is egter onwaar, Hollands was hierdie gemeente se kanseltaal.

Op **3 November 1927** het hulle aansoek gedoen om weer tot die NG kerkverband toegelaat te word. Op **3 Desember 1928** is hierdie gemeente weer tot die NG kerkverband toegelaat met die naam **Nuwe Kerk Graaff-Reinet**. Die grenslyne vir die twee gemeentes was dieselfde.

Verdeeldheid het toe beslag gekry en vir 9 dekades het hierdie twee gemeentes in kwaai vriendskap met mekaar geleef. Daar was onderlinge wedywing. Die familie terapeut, Friedman, het in sy navorsing gepraat van *transgeneratiewe spanning* in families wat van geslag tot geslag oorgedra word. Tussen die twee NG Gemeentes in die dorp was daar inderdaad 'n transgeneratiewe spanning wat oorgedra word na die volgende generasie. Elke gemeente het selfs sy eie begraafplaas gehad – selfs die dooies moes apart begrawe word! Daar was ook twee aparte tennisklubs.

- **My persoonlike getuigenis:** Toe ek leraar geword het in NG Nuwekerk het ek deeglik bewus geraak van hierdie onderlinge spanning. Soms het hewige emosies dikwels onverklaard opgeduik by gesamentlike vergaderings tussen die twee gemeentes. Ook by individuele lidmate het ek hierdie spanning tussen die twee gemeentes opgetel. Ook as leraar van Nuwekerk was ek dikwels die slaansak van sekere leiers by Grootkerk. Ter wille van die samewerking en eenheid tussen die twee gemeentes het ek deur die Here se genade stilgebly. Ek het selfs teenoor hulle tydens moeilike gesprekke rustig opgemerk: “Julle kan maar probeer om my kwaad te maak, maar julle gaan dit nie regkry nie.” Hierdie tipe nie-konfronterende ingesteldheid het op die ou einde die leierskap en lidmate van Grootkerk se vertroue gewen. Ook Nuwekerk se leiers het later hierdie benadering gevolg. Bowen het gepraat in sy selfdifferensiasie-teorie van 'n “non-anxious presence”. 'n Nie-angstige teenwoordigheid het dikwels bygedra tot kalmte as emosionele storms te voorskyn tree, en bygedra tot 'n gunstiger ruimte vir gesprek en onderhandeling.

Met verloop van tyd het die besef by die twee gemeentes gegroei dat versoening noodsaaklik is en dat slegs hereniging uiteindelik die wonde finaal sal heel. Dit sou egter nie eensklaps gebeur nie. Dit sou geduld en tyd vra. Die proses van hereniging kon nie ryp gedruk word nie. Dit sou spontaan volg soos wat mense gereed is daarvoor.

Die belangrikste is dat hereniging slegs kon plaasvind as dit God se tyd is! Die spreekwoord sê inderdaad: “Die mens wik, maar God beskik”.

2. Die proses van hereniging.

Deur die jare het die verhouding tussen Nuwekerk en Grootkerk versag. Later het *Ds Johan Esterhuizen* en *Ds Ben Fourie*, leraars van NG Grootkerk en NG Nuwekerk, vir herheniging gevra, maar die gemeentes was nog nie ryp daarvoor nie.

Leraars van beide gemeentes het gepoog om die bande tussen die twee gemeentes te versterk deur saam te werk op verskeie terreine. Daar is 'n gesamentlike dagbestuur op die been gebring om werksaamhede wat albei gemeentes raak te bespreek. Daar is ook 'n strategiese beplanning saam gedoen onder leiding van Prof Malan Nel. 'n Gesamentlike visie is biddend opgestel by hierdie geleentheid. Hierdie visie lui as volg: *Om as God se hande God te eer, mekaar onderling te versorg en saam hulp en hoop te bring in ons gemeenskap*. Later was daar 'n gesamentlike belydenisklas om die jong lidmate voor te berei vir belydenis aflegging. Verder is daar gesamentlike eredienste gedurende langnaweke, skoolvakansies en kerklike feesdae gehou. Gesamentlike eredienste is om die beurt in die twee gemeentes se kerkgeboue gehou. Ten spyte van hierdie goeie pogings was daar tog enkele lidmate wat geweier het om eredienste by te woon as dit in die buurgemeente se kerkgebou plaasvind. Toe ek leraar van Nuwekerk was, het ek by sommige lidmate die opmerking gehoor: "Ek sit nie my voete in Grootkerk nie." Gelukkig het die meerderheid van beide gemeentes se lidmate ingeskakel by die gesamentlike eredienste. Die gesamentlike eredienste het inderdaad bygedra daartoe om beter verhoudings tussen die twee gemeentes te bevorder, en met die oog op die hereniging van die twee gemeentes vorentoe hulle voor te berei wanneer hulle as een gemeente saam gaan aanbid.

Die finale vonk in die proses van hereniging, het egter gekom gedurende 'n krisistyd in Nuwekerk, toe 106 lidmate as gevolg van die optrede van 'n leraar van die gemeente met bewys van lidmaatskap oorgestap het na NG Grootkerk. Hierdie gebeurtenis het groot wrywing gebring tussen die twee gemeentes – veral van Nuwekerk se kant af.

Ds Attie Beetge, wat waargeneem het by NG Nuwekerk as hulp leraar, was diep getref deur hierdie verdeeldheid. Die aand voor sy afskeidsprek op 1 Desember 2013 stel hy biddend 'n **verklaring en belydenis** op. Dit is tydens sy afskeidsdiens voorgelees aan die gemeente. Hierdie belydenis en verklaring sou 'n **nuwe seisoen** inlei in die verhouding tussen die twee gemeentes. Die volgende treffende woorde is deel van hierdie verklaring en belydenis:

*Ons is oortuig dat ons nou 'n **nuwe seisoen** betree, waar ons vergeet wat agter is en ons uitstrek na wat voor is. Ons wil 'n toekoms bou van geloof, hoop en liefde. Ons wil die boek van die verlede toemaak. Ons maak ons harte vir ons moedergemeente oop en verklaar ons liefde en eenheid. Ons is gebonde aan mekaar en reik ons hand van samewerking uit.*

Hierdie belydenis en verklaring is eenparig deur die Kerkraad van NG Nuwekerk aanvaar. NG Nuwekerk skryf hierna 'n brief aan NG Grootkerk en vra vir hereniging. Daar word toe deur

die twee gemeentes 'n taakspan vir die eenwordingsproses (kortliks afgekort as STEP) op die been gebring.

- **My persoonlike getuigenis:** Voordat ek beroep is na Nuwekerk as leraar, het die Here deur middel van 'n predikant op 'n besondere wyse met my gepraat. Op daardie stadium was ek nog nie bewus daarvan dat ek leraar by NG Nuwekerk sou word nie. Ek was toe leraar by NG Kerk Barberton gewees. 'n Bekende prediker was uitgenooi deur 'n gemeente in die dorp om 'n reeks dienste daar te lei. Ek was bevoorreg om hom persoonlik te ontmoet. Na sy besoek in die dorp het hy my een oggend gebel en gesê dat die Here deur die loop van die nag met hom gepraat het en aan hom opgedra het om die volgende boodskap aan my oor te dra: *Daar breek 'n nuwe seisoen in jou bediening aan, maar dit sal nie in Barberton wees nie.* Op daardie stadium het ek nog nie begryp waarom hierdie boodskap van die Here gaan nie. Eers later nadat ek leraar geword het van die gemeente Nuwekerk in Graaff-Reinet, het ek die implikasie van hierdie woorde begryp. Die Here wou my gebruik om as Sy instrument die **Nuwe seisoen** wat sou aanbreek tussen NG Grootkerk en NG Nuwekerk te begelei en saam met ander rolspelers heling te bring in die kerkskeuring wat soveel wonde veroorsaak het.

Hiermee was die proses van hereniging nog ver van afgehandel. Nog vele struikelblokke sou volg op die pad na eenwording. Daar was veral twee knelpunte wat die proses vertraag het:

- Grootkerk vra vir uitstel om 'n leraar te beroep.
- Die model vir hereniging.

Veral die verskil tussen die twee gemeentes oor die *model vir hereniging* het tot hewige argumente gelei by die vergaderings van STEP (taakspan vir die eenwordingsproses).

Nuwekerk het die kerklike model van **samesmelting** ondersteun. Volgens die kerkorde (Reglement 27.4) is samesmelting die volgende: *Samesmelting beteken dat twee of meer gemeentes, wat nie langer selfstandig wil of kan voortbestaan nie, afsonderlik ontbind om saam een totaal nuwe gemeente te stig binne dieselfde geografiese gebied as waarbinne die onderskeie samestellende gemeentes aanvanklik voor ontbinding bestaan het.* Volgens Nuwekerk sou hulle in die proses van onderhandeling rondom hereniging 'n gelyke vennoot wou wees en nie ondergeskik aan Grootkerk wees nie. Daarom is dit beter dat albei gemeentes ontbind en 'n nuwe gemeente met 'n eie identiteit stig.

Grootkerk het die kerklike model van eenwording voorgestaan. Volgens die kerkorde (Reglement 27.3) is eenwording die volgende: *Eenwording beteken dat 'n gemeente wat nie langer selfstandig wil of kan voortbestaan nie, ontbind en dat die betrokke lidmate by ander bestaande gemeente ingelyf word.* Grootkerk se argument was dat Nuwekerk destyds weggebreek het van die Moedergemeente, daarom moet Nuwekerk ontbind en weer

terugkom na Grootkerk deur ingelyf te word by hul moeder. Effektief beteken dit dat Nuwekerk weer terugstig na hul Moeder.

Hierdie gesprek oor die model vir hereniging, het vir 'n geruime tyd voortgeduur sonder dat 'n ooreenkoms bereik is. Omdat die gesprekke by STEP op 'n dooiepunt afgestuur het, is daar besluit om eerder 'n meningspeiling in die gemeentes te hou. Die uitslag van die meningspeiling onder gemeentedele sou bepaal watter model vir hereniging - samesmelting of eenwording - gevolg sou word. Voor die meningspeiling gedoen sou word in beide gemeentes, het Grootkerk se dagbestuur egter eensydig sonder om hulle kerkraad en Nuwekerk daarin te ken, 'n besluit geneem om die meningspeiling op te sê en slegs eenwording voor te staan. 'n Dooie punt is nou bereik in die onderhandelings proses. Nuwekerk wou onttrek uit die proses.

Ek het as leraar van Nuwekerk besef dat slegs 'n ingryping van Bo hierdie belangrike proses kan red. Ek het vir die Kerkraad verlot gevra om my af te sonder in gebed om na die wil van die Here te vra. *Gedurende die week van afsondering het die Here duidelik aan my bevestig, dat Nuwekerk destyds weggebreek het van die Moeder, en daarom as blyk van versoening moet terugkeer na hul Moeder deur terug te stig na die Moedergemeente, die NG Gemeente Graaff-Reinet.*

Hierdie antwoord van die Here aan my tydens my gebeds afsondering, het ek by 'n spesiale Kerkraadsvergadering op **31 Mei 2017** aan die Kerkraad van Nuwekerk oorgedra. 'n Wonderwerk gebeur by hierdie vergadering – 'n Goddelike ingryping van Bo! Inderdaad 'n *kairosmoment!* **Die Kerkraad van NG Nuwekerk besluit eenparig dat die NG Gemeente Nuwekerk ontbind om terug te stig na NG Grootkerk.**

Die volgende oggend het ek hierdie besluit aan die leier-ouderling van Grootkerk tydens 'n koffie afspraak oorgedra. Met die aanhoor van hierdie nuus het hierdie groot en sterk plaasboer in tranes uitgebars. Orals is hierdie nuus met blydschap maar ook verligting ervaar. Die Sondag na die spesiale kerkraadsvergadering is die besluit van die kerkraad aan die gemeente van Nuwekerk tydens die oggend erediens oorgedra. Hierdie besluit is positief ontvang deur die gemeente. Hiervan getuig die feit dat slegs twee gesinne in Nuwekerk besluit het om hulle af te skei van die gemeente as gevolg van hierdie besluit.

Hiervandaan het die deure oopgegaan. As gelowiges gehoorsaam is aan die wil van die Here, seën Hy hulle en maak deure vir hulle oop. So het die Here voorsien dat die Assembly Gemeente in die dorp wat as gevolg van groei in hul lidmaattal gesoek het na 'n groter gebou van aanbidding, uiteindelik NG Nuwekerk se kerkgebou gehuur het vir 'n ruim maandelikse bedrag. Later het hulle die Kerkgebou gekoop, en sodoende kon Nuwekerk 'n ruim bruidskat skenk aan die eengeworde gemeente.

NG Nuwekerk het na hul besluit, 'n versoek gerig aan NG Grootkerk om een te word met hulle. Hulle Kerkraad het eenparig toestemming gegee dat NG Nuwekerk een kan word met hulle.

Hiervandaan het die proses vlot verloop. Kenmerkend was die welwillendheid aan beide kante. Die wonde as gevolg van die kerkskeuring is genees. Albei gemeentes was nou gereed om positief saam te werk om nou die eenwording te voltrek.

3. Die eenwording word 'n werklikheid.

Die *eerste gesamentlike Kerkraadsvergadering* onder die leiding van die konsulent, *Ds Abe Beyers*, is gehou op **3 Augustus 2017** om die pad vorentoe saam te beplan. 'n Ooreenkoms tussen die twee gemeentes sou so vinnig moonlik opgestel word sodat alles in plek kan wees vir die eenwording van die gemeentes in die nuwe jaar.



**Eerste gesamentlike
Kerkraadsvergadering:
3 Augustus 2017**

STEP onder leiding van Ds Danie Mouton, die direkteur van die Oos-Kaapse Sinode, het die ooreenkoms tussen die twee gemeentes opgestel. Daar was geen haakplekke in die opstel van die ooreenkoms nie. Die vergaderings was gekenmerk deur 'n welwillendheid om mekaar tegemoet te kom, en ruimte te laat vir die behoeftes van elkeen. Daarom kon die ooreenkoms vinnig gefinaliseer word – fyn detail en belangrike sake het egter deeglik aandag gekry. Die ooreenkoms is gesluit op **9 September 2017**, en daarna voorgelê aan beide gemeentes vir goedkeuring. Beide gemeentes het die ooreenkoms goedgekeur. Ook die Ring het dit goedgekeur.

Hier volg sommige uittreksels uit die ooreenkoms om die mooi gesindheid van die opstellers van die kontrak weer te gee:

Uittreksels uit die aanhef van die ooreenkoms:

“Die eenwording van die twee gemeentes is gebore uit die diep geestelike oortuiging dat ons hiermee die wil van God doen. God, die Vader, Seun en Heilige Gees is 'n liefdesgemeenskap van

onderlinge diens, liefde en vertroue, soos in die Woord van God geopenbaar. Ons wil deur die eenwording leef na die beeld en gelykenis van die Drie-Enige God.”

“God se Woord roep ons op tot eenheid en versoening en ons gee met hierdie ooreenkoms uitdrukking daaraan.”

“Hierdie is ‘n kairosmoment waarin ons God se tyd vir eenwording, God se hand, ‘n wonderwerk van die Here sien”.

Uittreksels uit die doel met die ooreenkoms:

“Die gemeentes van Graaff-Reinet en Nuwekerk sien die eenwording as die samevoeging van twee waardevolle geloofsgemeenskappe tot nuwe krag en bron van getuienis in die gemeenskap van Graaff-Reinet. Dit geskied in diens van die Koninkryk van God.”

“Die eenwording is toekomsgerig, in diens van die koms van God se Koninkryk in ons gemeenskap. Fil 3:13 is van toepasing: “Ons maak ons los van dit wat agter is en strek ons uit na dit wat voor is.”

“Die gemeentes se reeds goedgekeurde missie bly die bediening van die eengeworde gemeente: Die eenwording versterk dus die bedieningskapasiteit van die eengeworde gemeente. *Saam is ons beter.*”

“Ons verklaar ons onderlinge liefde en eenheid. Ons besef dat ons aan mekaar gebonde is en bymekaar hoort. Dit beteken die spiritualiteit en gebruike van beide gemeentes word gerepekteer en waardeer.”

Ek wil verder vermeld dat Grootkerk uit hulle pad gegaan het, om Nuwekerk te akkomodeer met hulle skuif na hul nuwe gemeente. Nuwekerk se kerkkompleks moes ontruim word om plek te maak vir die Assembly Gemeente om in te trek. Daarom die groot trek! ‘n Spesiale lokaal is ingerig om al Nuwekerk se kosbare aandenkings te stoor. Die vleuel klavier van Nuwekerk het plek in die Kerk gekry reg langs Grootkerk se vleuelklavier.

Voor die eenwording het Nuwekerk hulle **afsluitingsdiens** op **26 November 2017** gehou. Vorige leraars van Nuwekerk is uitgenooi na hierdie diens. Ds Louis Venter, vorige leraar van hierdie gemeente, het die Woord bedien met Genesis 12:1 as teks: *Die Here het vir Abram gesê: "Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af ..."*. Ds Attie Beetge het die Nagmaal bedien, en Ds Danny Fourie het die tafelgebed gedoen. Leraars en hul gades het by die nagmaalstafel gesit. Die Graaff-Reinet Koor het gesing, en Nuwekerk se orrelis, Noël-Jean Creill, het sy laaste orreluitvoering gegee. Die slotlied (Gesang 164: 1-4) - **God bly met u, waar u ook mag gaan** - was gepas vir die geleentheid.

Op **1 Januarie 2018** NG Grootkerk en NG Nuwekerk amptelik een gemeente geword. Die naam van die nuwe gemeente sal die **NG Gemeente Graaff-Reinet** wees. Dit is die oorspronklike naam van die gemeente voordat NG Kerk weggebreek het van die Moedergemeente. Sodoende is daar weggedoen met die benamings Grootkerk en Nuwekerk. Daar is nou net een NG Gemeente in Graaff-Reinet met hul sierlike kerkgebou as

plek van aanbidding. So is die kerkskeuring opgehef. Na dekades van kerkskeuring is daar werklik versoening!

4. Die eenwording word gevier!

Op **21 Januarie 2018** word die eenwording formeel gevier..



**Sondagoggend
21 Januarie 2018
09:30**

Die eerste deel het plaasgevind in NG Nuwekerk se kerkgebou. Dit sou die gemeente se laaste erediens in hierdie kerkgebou wees. Dit is te verstane dat dit 'n hartseer geleentheid was, maar tog betekenisvol vir Nuwekerk se lidmate om hiermee die rouproses af te sluit. Ds Ben Fourie het by hierdie geleentheid die Woord bedien, groete boodskappe oorgedra, en daarna vertel van die geskiedenis van die kerkskeuring en die proses van hereniging.

Met die sing van die gemeentelied as slotlied, was daar baie tranes en emosies. Die eengeworde gemeente het toe die kerkgebou verlaat met die sing van 'n gepaste lied uit Vonk 144:1 – **Vrede van God, die vrede van God, is met jou.**

Die eengeworde gemeente se gemeentelede het daarna met Caledon straat afbeweeg na Grootkerk wat in die toekoms hulle gesamentlike plek van aanbidding sal wees. Die twee leraars van Grootkerk en Nuwekerk, Dr Ben van Tonder en Dr Trix Truter, het vooraan die proses gestap. Dit was 'n luisteryke en besondere gebeurtenis vir die gemeenskap van Graaff-Reinet. Soos die proses die straat afbeweeg het, het mense uit die gemeenskap saamgedrom op die sypaadjies weerskante van die pad en hartlik applous gegee om hierdie groot gebeurtenis te vier.



Lidmate van die herenigte gemeente stap vanaf Nuwekerk se kerkgebou na Grootkerk om die erediens af te sluit.

Die nuwe eengeworde gemeente het toe die kerkgebou binne gegaan om hul eerste erediens te hou en saam as nuwe gemeente die eenwording feestelik te vier. Aan die begin van die erediens het die leraars mekaar se voete gewas.

Die leraars was mekaar se voete as uitbeelding van versoening



In teenstelling met die diens in Nuwekerk wat somber en hartseer was, is hierdie erediens gekenmerk deur vreugde en feestelikheid. Aan God word die eer gebring vir die wonder van die eenwording. Daar was lofprysing en aanbidding om die geleentheid te vier en die Woord is ook bedien. Verskeie ringsgemeentes het boodskappe van gelukwense gebring. Ouderling Sieg Nel van Aberdeen het 'n stel windpompratte aan die gemeente gewys wat

glad op mekaar loop. *Dit help nog niks nie, het hy gesê. Dit is eers wanneer die windpomp lewegewende water aan mens en dier gee dat hy sy roeping vervul.* Hierdie boodskap was heel gepas vir die eengeworde gemeente - die nuwe gemeente is geroep om God se lewendgewende water te laat vloei na die gemeenskap van Graaff-Reinet en die wêreld daarbuite - 'n Koninkryks-visie dat die eengeworde gemeente, die NG Gemeente Graaff-Reinet, nie ter wille van homself tot stand gebring is nie, maar eerder as God se hande hulp en hoop in die wêreld bring.

5. Die huidige situasie in die eengeworde gemeente.

Aanvanklik was dit veral vir die Nuwekerk limate 'n aanpassing. Alhoewel sommige van die vorige lidmate van Nuwekerk nie hul lidmaatskap opgesê het nie, het hulle aan die begin nie ingeskakel nie - die meerderheid het egter meelewend ingeskakel en werklik 'n bydrae tot hul nuwe gemeente gemaak. Mettertyd het die hierdie lidmate teruggekom en ingeskakel. Huidiglik dien die vorige lidmate van Nuwekerk die Here met oorgawe in hul nuwe gemeente.

Tans is daar nie meer die etiket van Grootkerk en Nuwekerk nie. Hierdie praatstyl het heeltemal uit lidmate se praatstyl verdwyn. Hulle verwys nou na hulle gemeente as ***Graaff-Reinet Gemeente***. Die gemeente het nou werklik eengeword en almal aanvaar die NG Gemeente Graaff-Reinet nou as hul geestelike tuiste.

Volgens die huidige leraar van NG Graaff-Reinet, *Ds Johan Ekkerd*, gaan dit goed in die gemeente. Die erediens bywoning is goed, die Kategese en Jeugaksies loop goed, die gemeente se finansies is gesond en die jaarlikse basaar gaan van krag tot krag. Gemeentelede met wie ek kontak het, is gelukkig in die gemeente en praat met lof van die warm atmosfeer en omgee in die eengeworde gemeente tydens eredienste en byeenkomste. Almal is dit eens dat die eenwording nou tot sy reg kom en dat die besluit destyds om een te word die regte besluit was, juis omdat dit God se wil is vir NG Graaff-Reinet. Die NG Gemeente Graaff-Reinet is nou inderdaad volgens hulle missie *God se hande om Hom te eer, mekaar onderling te versorg en saam hulp en hoop te bring in hul gemeenskap!*

6. Enkele slot opmerking.

By wyse van terugskouing moet die vraag gevra word: Wat het daartoe bygedra om die proses van eenwording te laat slaag?

Eerstens, sou die proses nooit slaag het sonder die Here nie. Die kerklike eenwording was 'n wonderwerk van Bo – God se ingryping het die situasie omgekeer en moontlik gemaak. Ware versoening is slegs moontlik as God heling bring in mense se harte.

Verder, is dit belangrik om in ag te neem dat *God sy tyd het*, en dat so 'n proses nie ryp gedruk kan word. Die mens is nie soos 'n skakelaar wat maar net aan en af geskakel kan

word nie. Dit sou tyd en geduld vra. Leraars getuig dat die proses van eenwording deur die jare 'n aan en af proses was. Soms het dit amper geslaag om later maar weer te misluk. Daarom was die eenwording tussen NG Grootkerk en NG Nuwekerk inderdaad '**n kairos moment**. God het op *die regte tyd* ingetree en dit moontlik gemaak.

Die groot les wat ons geleer het is dat in so 'n proses van kerklike onderhandeling 'n mens bereid moet wees om *die minste te wees*. As dit oor jou eie agenda en belange gaan, kan so 'n proses nooit slaag nie. Dit is belangrik in so 'n gesprek dat gelowiges hul eie klein wêreldjie kruisig en die groter prentjie raaksien. 'n Koninkryks-perspektief is so nodig in die wyse hoe daar met mekaar gepraat word.

Laastens, is *gebed* van deurslaggewende belang. Biddend moet daar na die wil van die Here gesoek word. As die Here sy wil bevestig in mense se harte, en hulle is gehoorsaam daaraan, dan *maak die Here deure oop*. So het ons dit inderdaad ervaar.

Dankie vir die voorreg dat ek die verhaal van NG Grootkerk en NG Nuwekerk se eenwording met u kon deel. Die pad na eenwording was vir my 'n geloofsverrykende ervaring. *In hierdie proses van hereniging het ek werlik beleef hoe groot God is*. Daarom aan God alleen die eer vir die positiewe uitkoms van die eenwordingsproses!

Soli Deo Gloria!

Trix Truter

Centurion

12 April 2026